Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Ons is mos nie esels nie?

Die redakteur

Ek reageer graag op 'n hele paar skrywes nou al oor die kwessie - skoonmaak: Moet ek of moet ek nie? Dis nou met betrekking tot die skoonmaak op die sypaadjies voor ons huise, besighede ens ens.

Ek besef dit is die Rustenburgse Munisipaliteit se verantwoordelikheid om die nodige herstelwerk en onderhoud te doen en dat hulle, trouens, betaal word om dit te doen, maar dit is mos nou al jare dat hierdie verantwoordelikheid nie nagekom word nie.

Hoe gaan ons stede en dorpe lyk as ons almal net eenvoudig ons arms vou, terugsit en aanhou om die owerhede te blameer omdat hulle nie hul werk doen nie? Nee wat, jy kan 'n esel tot by die water bring, maar jy kan hom nie maak drink nie. As die munisipaliteit versuim om hul werk te doen, moet ons dit maar self doen, anders is ons omtrent net so laks soos hulle - en ons weet wat sê ons mense hiervan nê?

Verder wil ek net sê dat ek werklik hoop dat Rustenburg se onlangs gevormde Belastingbetalersvereniging die handskoene gaan uittrek en die bul by die horings gaan pak. A nee a man, die munisipaliteit is so laks omdat hulle sien dat hulle oënskynlik daarmee kan wegkom. Hoekom kom hulle daarmee weg? Omdat ons hulle toelaat. Dit is hoog tyd dat ons Swartruggens en 'n paar ander dorpies en stede se voorbeeld volg en begin om ons swaarverdiende geld te weerhou. Ons kan nie langer toelaat dat die geld wat ons vir dienste betaal, prakties gesproke in die water gegooi word en op allerlei maniere en plekke verkwis word nie.

Dan hoop ek ook dat die volgende "nuwe" burgemeester iets gaan doen om Rustenburg op te ruim en om belastingbetalers die diens te gee wat hulle toekom. Anders is ek bevrees is dit sulke tyd.

Verdermeer wil ek Rustenburgers aanmoedig om in groter getalle by die Rustenburgse Belastingbetalersvereniging betrokke te raak. Mense, moet tog nie altyd terugsit en toekyk hoe ander mense die werk doen nie. Gooi jou gewig in en help om 'n verskil te maak. 'n Belastingbetalersvereniging wat verteenwoordigend van die hele Rustenburgse gemeenskap is en uit duisende bestaan, kan nie geïgnoreer word nie. Onthou - die belastingbetalers is nie 'n politieke organisasie nie, dis gewone mense soos ek en jy wie se regte misken en ondermyn word! Komaan mense - dis nou of nooit!

Nou of Nooit

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.

Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

- Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

- The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

Standpunt

Groot uitdagings vir nuwe besems

Vir die soveelste keer die afgelope dekade het Rustenburgers en Noordwesters pas gesien hoe dramatiese en grootskaalse verandering in plaaslike munisipale strukture sonder veel seremonie aangekondig word.

Vir die Provinsiale Taakspan van die ANC in Noordwes wat nie minder nie as ses Uitvoerende Burgemeesters, verskeie Speakers en uiteraard die lede van dosyne Burgemeesterskomitees by etlike Noordwesmunisipaleite summier die trekpas gegee het, was dit hierdie keer nie nodig om lank te dink nie.

Dit is nou nadat die regerende party 'n jaar of wat gelede selfs ewe-onseremonieel van die vorige president ontslae geraak het en 'n nuwe era in Suid-Afrikaanse politiek ingelui is. Skaamteloos koelbloedig - so is politiek nou maar.

So het dit die afgelope twee jaar ook by die Rustenburgse Munisipaliteit gegaan. Telkens is pogings aangewend om alternatiewelik die Uitvoerende Burgemeester en daarna weer die Munisipale Bestuurder geskors te kry. Telkens moes die skorsing opgehef word, totdat die Munisipale Bestuurder in Augustus verlede jaar ten aanskoue van munisipale personeel en die publiek deur die polisie gearresteer is. Uiteraard het ook hierdie komplot misluk.

Maar hoe dit ook al sy - hierdie keer is daar nie geskroom om van die Uitvoerende Burgemeester ontslae te raak nie - ook nie van die Speaker (tradisioneel die Onderburgemeester) en minstens ses lede van die Eerste Burger se Burgemeesterskomitee bestaande uit nege lede nie. (Ons erken dat daar periodiek goeie werk gedoen is, maar ongelukkig veel te min).

En of 'n mens nou met die meriete van die skommeling en die redes daaragter saamstem of nie, vir 'n oomblik is daar 'n effe gedempte opwinding in die lug. 'n Mens moet seker nie sê 'n vars nuwe bries nie, maar die moontlikheid van 'n verandering, 'n nuwe rigting is tog daar, nie waar nie?

Selfs nie eens die mees siniese belastingbetaler kan sê dat die ontgogeling van die septerswaaiers by die Rustenburgse Munisipaliteit oor die afgelope nagenoeg twee jaar en die implikasies hiervan nie 'n sweempie van hoop en verwagting by belastingbetalers laat opvlam nie. Dit kan tog sekerlik nie slegter gaan nie - of kan dit? Kan dit wees dat dienslewering en 'n "beter lewe vir almal" nou weer 'n prioriteit kan word?

Selfs terwyl baie mense meen dat die skommeling by die Rustenburgse Munisipaliteit asook vyf ander munisipaliteite in die Platina-provinsie niks anders as politiek is nie, kan die Noordwes ses PTT (Provincial Task Team) sekerlik nie bevraagteken word as hy sê dat dienslewering nie na wense was nie. Ons strate en buurte lê letterlik vol getuienis van swak dienslewering.

In die lig van 'n nuwe begin moet gesê word dat die ingryping in die sake van die Rustenburgse Munisipaliteit verwelkom word.

Dit is net jammer dat die ingryping na so 'n feitlik totale versaking van 'n plaaslike owerheid se taak, vir só lank uitgestel is en daar eers só kort voor die wêreld se grootste sportskouspel (ook op eie bodem) gepoog is om dit reg te stel. Dalk is dit laat, maar dit kan nooit te laat wees nie...

(Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13, Rustenburg).

Are we headed for a police state?

The Editor:

Police Minister Nathi Mthethwa, whilst speaking at Isipingo near Durban, said police wanted to ensure that firearms only "rested with law enforcement agencies at the end of the day".

Dianne Kohler Barnard of the DA, however, recently stated that 4 000 new pistols ordered by the SA Police Service (SAPS) are "mostly to replace lost and stolen firearms". And Mthethwa wants only these people to have firearms?

There are negative effects to having firearms in a society, like the shooting by the police of Olga Kekana, the hairdresser thought to be a hijacker. But one has to consider the fact that the positive effects of firearms carried by citizens in a society far outweigh the negative.

According to a survey by Man Magnum, firearms are used in acts of defensive gun use over a million times a year in South Africa. In other words, armed citizens protected life and property that many times.

When last have we heard of multiple victim shootings taking place on firearm ranges or at gun shows anywhere in the world? No, homicidal maniacs prefer unarmed victims, which are often soft targets in gun-free zones.

In the 20th century, over 114 million people were murdered by their own governments in Turkey, the Soviet Union, Nazi Germany, China, Uganda, Cambodia and Rwanda, after they were disarmed and firearms only "rested with law enforcement agencies." Is Mthethwa proposing a police state like on of these?

Charl van Wyk

'n Leser is besorg oor die versorging van sypaadjies - sien elders op hierdie bladsy.

Bring back the licenses!

The Editor,

On 25 January my neighbour moved. I noticed that he left his two dogs behind. At first I thought that he has made the necessary arrangements with someone to take care of his dogs until he has settled in his new house and will then come and fetch them.

After a week reality struck! He just left the dogs! So, dear sir, how do you just leave a living creature that has been part of your life for four years? What do you tell your kids? Is this the example they must follow? I do hope that these dogs will find a home where they will be loved and cared for. Please do me a favour, do not get anymore pets!

E de Klerk.

CMA applauds excellent fun run

The Editor:

The Rustenburg Off Road Chapter of the Christian Motorcyclist Association would like to congratulate InXess Off Road Club for an excellently organised and most enjoyable fun run.

Thanks to Dewald, Jill and the whole team who planned the fun run. The food was great, the route excellent, the assistance on route especially by Mark, was fantastic.

We applaud your efforts to make off road and quad biking safer and more organised. Your efforts to have your fun runs family-orientated will make you successful.

With this said we urge all off road bike and quad riders to become involved with organised clubs in and around Rustenburg. Events organised by the various clubs are not expensive, the routes are safer, assistance is on hand should you have an accident and you can enjoy the company of people with the same passion as your own.

Keep track of these events and join the fun, renegade riders in and around our city are giving us all a bad reputation with more restrictions and harsher law enforcement by authorities.

To Cornell who is still in hospital, you and your loved ones are in our prayers and be assured that our Lord Jesus Christ has you all in His hands.

Anyone who enjoys off road bikes and quads and has a passion for our Lord is welcome to contact us and join our weekly meetings.

Jaco (083 283 8978) and Deidre (083 284 5771).

Ooggetuies gesoek

Die Redakteur:

Ek was verlede jaar op Woensdag, 27 Mei tussen 15:00 en 15:30, ongeveer een kilometer vanaf die Kroondal-afrit aan Mooinooi se kant, in 'n ernstige motorongeluk.

Daar was twee voertuie in die ongeluk betrokke, 'n wit twee-deur Prado (Bush Baby) en 'n silwer Audi.

As daar enige ooggetuies was ten tye van die ongeluk, sal ek dit baie waardeer as julle met my in verbinding kan tree by 082 957 5815.

Y de Winnaar.

Sukkel ook met wasmasjien-diens

Die Redakteur:

Ek skryf na aanleiding van die brief "Gemors na wasmasjien se diens" in die uitgawe van 29 Januarie.

Ek soek al sedert Oktober 2009 na iemand wat wasmasjiene in Rustenburg herstel. Daar is net mooi niemand, in elk geval nie die wat adverteer nie.

Die eerste keer is hulle gretig om jou wasmasjien te herstel, jy kry dit terug en net 'n dag of twee later is dit weer dieselfde probleem. Dán raak dit moeite vir hulle en jy moet maar wag.

My masjien se spin is steeds stukkend na vier keer se herstel en meer geld as wat 'n nuwe een kos. Ek het maar nou 'n nuwe een gekoop.

Ek stel voor ons begin 'n kolom in die Rustenburg Herald vir al die lesers om te sien wie gee sulke swak diens in Rustenburg en ons ondersteun eerder die wat wil diens gee.

T van Niekerk.

Shocked and disgusted

The Editor:

To you white thugs that attacked and hospitalised our Anglican priest on our church grounds on the night on 5 February, may your lives be lived in fear as you have assaulted a holy man.

It is not our place to judge you, but believe me the Lord God Almighty will have His judgement day.

What has happened to the morality of the people in this town? Shame on you.

Shocked parishner.